NHSV
Dinamies vorentoe
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).

Vroueflitse

Somer 2024

Medewerkers Vroueflitse Somer 2024-uitgawe:

Redakteur en bladuitleg
Mari-lizé Beukes

Subredakteur
Karin Steenekamp
Jy is Myne!
(Ouerbetrokkenheid)

Ds Janine Bevolo-Manders
'n Domkragstorie
(Geestesgesondheid)

Taalversorging
Mari-lizé Beukes
Tessa Oppermann

Webblad
www.nhsv.org.za – sien afdeling Publikasies vir *Vroueflitse*-skakel.

Teken in op *Vroueflitse*: Stuur 'n e-pos aan Rozelda Nel
admin@nhsv.org.za

Tel 012 325 0117
NHSV kantoor

Vroueflitse is 'n mondstuk van die NHSV met artikels gefokus op die toerusting van vrouelidmate.

Individuele skrywers dra self die verantwoordelikheid vir die feitelike inhoud van en beskouings in hul artikels.

Leef elke oomblik…
Lag elke dag…
Wees lief sonder ophou…

NHSV Dinamies vorentoe
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).

Jy is Myne!

Karin Steenekamp

Jesaja 43:1 sê vir ons: *Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou. Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.*

Is dit nie mooi nie – veral die laaste sinnetjie: *Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.*

Shakespeare het in *Romeo and Juliet* gevra: *What's in a name?*

Wat sê 'n naam? Wat ís 'n naam?

'n Paar jaar gelede was die tema van die NHSV se streekbyeenkomste: *Blom waar jy geplant is*.

Dis tog baie eenvoudig. Doen jou bes waar jy ook al jou lewe lei. Nie waar nie?

Ja, dis waar, maar dit strek veel wyer.

Die feit dat jy in 'n sekere gesin gebore word en dus 'n sekere naam van jou ouers ontvang – maak nie saak of dit familiename of 'n gekose ander naam is nie – maak dat jy daar behoort.

Jou ouers het jou kenmerkendste eienskap – jou naam – persoonlik vir jou uitgekies. Jou naam en van beteken dat jy deel is van hierdie betrokke gesin.

Ons almal weet dat dit nie vandag meer noodwendig beteken dat 'n kind binne 'n bepaalde gesin gelukkig is om daardie gesin syne te noem nie.

Maar kinders het nie 'n keuse waar hulle gebore word nie – hulle moet aanpas by wat hulle kry. Al keuse wat kinders het, is wat hulle van en met die omstandighede gaan maak.

Gaan hulle blom waar hulle geplant is, of wegkwyn onder die fel son?

Jesaja 43 sê vir my dat God elkeen van ons ken – onthou, Hy het ons geskape – en dat Hy, as die Saaier, ons elkeen op 'n unieke plek geplant het.

Die mens is egter die een wese wat geskape is met die vermoë om te kan onderskei tussen reg en verkeerd. Om besluite te kan neem. Om te kan kies wat ons onder sekere omstandighede wil doen.

Ons lewe nie meer in die lekkerste wêreld nie. Kyk na die wêreldekonomie, die verval van waardes, die toename in sedeloosheid en die aanslag op Christene.

Ons kan ’n baie lang lys maak – dit is nie meer maklik om vandag te blom nie. Dit voel vir ons nie altyd meer moontlik om vandag te blom nie.

Nou wat maak ons dan?

Wat leer ons vir ons kinders?

Watter voorbeeld stel ons vir ons kinders?

Maak dit beter net daar waar jy is.

Dis nie altyd nodig om vreeslike dinge te doen en om wêrelde te verander nie.

As jy ’n positiewe verskil in één mens se lewe maak, het jy die wêreld ’n beter plek gemaak.

Maar – begin by jouself. Jy kan nie ’n verskil in iemand anders se lewe maak as jy in jou hart en eie lewe sielsongelukkig is nie.

Onthou altyd Jesus Christus se woorde: *Jy moet jou naaste liefhê SOOS JOUSELF*. Met ander woorde – om te kan blom, begin by myself.

Ja, ek het nie die materiële middele wat my bure het nie, en ja, my kinders doen nie so goed op skool soos hul maats nie, en ja, my dogter is nie joolprinses op universiteit nie, ensovoorts...

MAAR: Ek het ’n huis, en genoeg kos en klere. ’n Motor om te ry waar ek wil wees.

Ek is gesond en kan werk vir my salaris elke maand. Ek kan my kind se skoolgeld en universiteitsgeld betaal.

Ek het baie om voor dankbaar te wees...

Miskien nie soveel soos die ander mense wat ek ken nie – maar genoeg.

Hoe kry ek reg om dankbaar te wees vir wat ek het?

In die Liedboek van die Kerk se Psalm 4:3 sing ons:

Weet tog: Vir een in die besonder
sal Hy sy weldade verrig.
Hy het my daarvoor afgesonder,
vir my bewerk die Heer ’n wonder.
My swaarkry sal Hy weer verlig
as ek my tot Hom rig.

In 2 Korintiërs 4:7 staan daar: *Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.*

Gelukkig hoef ons nie op ons eie krag staat te maak om te blom waar ons geplant is nie – ons moet net na God draai vir hulp.

Elke tipe blom het sy eie habitat waar hy groei. Jy kan die Welwitschia net in die woestyn kry – hierdie blom gaan egter nie oorleef in die trope nie. ’n Roos gaan nie noodwendig floreer in die woestyn nie.

Party blomplante kan ons eet – ander is uiters giftig vir die mens.

Net so het elke mens sy en haar eie unieke eienskappe.

Of jy goed kan kosmaak, of naaldwerk kan doen, karre kan regmaak, kan bemoedig, preek of luister, of wat ook al – God het daardie talent vir jóú gegee om te gebruik tot uitbreiding van sy koninkryk hier op aarde.

Gebruik dit om ’n verskil te maak in jou eie en iemand anders se lewe.

Blom waar jy geplant is, want, sê die Here: *Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.*

ooooOOOOoooo

NHSV Dinamies vorentoe
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).

’n Domkragstorie

Ds Janine Bevolo-Manders

Daar was ’n reisende verkoopsman wat op ’n afgeleë plek gestrand geraak het, met ’n pap band en, natuurlik, met geen domkrag nie. Hy begin toe stap na ’n vulstasie so ’n kilometer weg.

Terwyl hy loop, begin hy met homself praat. *Hoeveel kan die eienaar van die vulstasie my vra om sy domkrag te leen?* wonder hy. *R50, miskien R100? Maar dit is die middel van die nag, miskien is daar na-ure-tariewe. Miskien nog R50. As hy enigsins is soos my swaer, sal hy redeneer – wel, ek het nêrens anders om heen te gaan om ’n domkrag te kry nie, so ek is aan sy genade oorgelaat, so hy sal my nog ’n ekstra R50 vra*.

Soos hy aanhou stap, styg die prys en sy woede.

Uiteindelik kom hy by die vulstasie aan waar hy vriendelik deur die eienaar begroet word. *Wat kan ek vir jou doen, Meneer*?

Maar die verkoopsman hoor niks. Hy antwoord: *Jy sal jou wat verbeel om met my te praat, jou ou skelm. Jy dink ek is dom genoeg dat jy my kan uitbuit omdat ek gestrand is en dat ek daardie bedrag sal betaal wat jy my gaan vra om jou domkrag te leen. Jy kan jou domkrag hou!*

Nadat hy sy sê gesê het, storm hy by die vulstasie uit en stap terug – sonder die domkrag.

Wat het hier gebeur?

Die verkoopsman het ’n pap wiel en nie ’n domkrag nie. Op dié punt kon hy óf wag vir ’n ander kar om verby te kom óf hy kon na die naaste vulstasie toe stap en een gaan huur of leen.

Hy kies om na die naaste vulstasie te loop. Soos wat hy stap, gebeur iets. Hy het ’n storie begin opmaak oor wat sou gebeur wanneer hy by die vulstasie uitkom. Let op – hy het ’n storie opgemaak.

Die storie was so ’n realiteit vir hom dat hy, teen die tyd dat hy by die vulstasie gekom het, so kwaad was vir die eienaar dat hy die eienaar beskuldig het dat hy hom sou probeer beroof.

Kan jy jouself die verwarring op die eienaar van die vulstasie se gesig voorstel, toe die verkoopsman hom beskuldig dat hy hom probeer beroof?

Ek weet nie van jou nie, maar daar was al tye toe die storie wat ek in my kop opgemaak het, baie meer oortuigend was as die realiteit waarmee ek gekonfronteer is.

Wat egter erger is, is dat ons ons opgemaakte storie met ander deel en dit dan ook hul storie word.

Ons gee lewe aan daardie storie.

Die verhaal in Numeri 13:25-33 illustreer hoe ’n “domkragstorie” ernstige gevolge kan hê. Moses het 12 verkenners uitgestuur om te gaan kyk hoe die beloofde land lyk.

Toe die verkenners terugkom, het hulle bevestig dat die land alles is wat die Here belowe het dit sou wees.

Maar uit vrees het hulle “domkragstories” opgemaak oor hoe onmoontlik dit was om die land in besit te neem – stories wat hulle verlam het voor die veldslag nog eens plaasgevind het.

Vrees is die primêre drywer wat die “domkragstories” help skep in ons gedagtes. Vrees dryf ons om “domkragstories” op te maak.



Vrees vat ’n situasie en word dan die pen wat die storie skryf in ons gedagtes, van ’n uitkoms wat nie in ons guns is nie.

Vrees vat dan daardie geskrewe storie en neem dit op en speel dit oor en oor in ons koppe, totdat daardie storie ons nuwe realiteit word.

Wanneer daardie storie ons nuwe realiteit word, dan – net soos die verkoopsman – kom ons by ’n punt waar ons optree vanuit wat die storie vir ons sê, teenoor wat eintlik regtig om ons aan die gebeur is.

Wat is jou “domkragstorie”?

Watter storie het jy vir jouself opgemaak wat nie noodwendig waar is nie? Watter storie skryf jy wat jou eie selfvervulde profesie sal word? Ons maak heeldag stories in ons koppe op van:

Ek is nie goed genoeg nie, ek verdien nie om gelukkig te wees nie, die mense hou nie van my nie.

My man het my gelos, want ek is nie vir hom genoeg nie.

Ek is oorgewig, niemand sal my ooit uitvra nie.

Ek is alleen en depressief – ek het niemand in my lewe nie.

Die Here is teen my; Hy is onregverdig – alles gaan net verkeerd in my lewe.

Die land is in sy peetjie. My kinders gaan hier nooit werk kry nie.

Die Here is nie lief vir my nie; die Here kan my nie vergewe nie, dit wat ek gedoen het,is te erg.

Ons maak ons eie stories op wat nie waar is nie. Watter storie het jy vir jouself opgemaak?

Lees en oordink God se Woord.

In plaas van om die domkragstorie af te sluit met *Fluit, fluit my storie is uit*, wil ek afsluit met ’n boodskap uit Hebreërs 10:35-36 (*Die Boodskap*):

Moet dus nie toelaat dat daar ’n krakie in julle vertroue op God kom nie. Wie op God bly vertrou, sal ’n groot beloning by Hom kry. Julle moet tot elke prys vasbyt. As julle so aanhou om te doen wat God wil hê, sal Hy sorg dat julle kry wat Hy vir julle beloof het.

As jy God vertrou vir iets en in Hom glo, laat dit jou storie wees. Laat jou dade ooreenstem met daardie storie van sukses, nie een van mislukking nie.

“Domkragstories” is een van die kragtigste wapens van die vyand.

Wanneer hy regkry dat ons vir onsself stories opmaak van wat die teenoorgestelde is van wat God belowe en vir ons sê, dan het hy in die moeilikste deel geslaag.

Daarom is dit so belangrik dat ons sterker moet word in ons verstaan van die Woord van die Here.

Hou die Here se Woord naby aan jou – lees en oordink dit.

Dit sal verander hoe ons dink, wat weer sal verander wat ons glo.

Dan sal jy nie meer so geneig wees om stories op te maak wat nie waar is nie, maar sal jy vashou aan die waarheid van wie die Here sê jy is.

oooOOOOoooo